**BJV SOUTPANSBERG -4 OKTOBER 2017**

**NOTULE**

**SOUTPANSBERG GOLFKLUB**

## 1. VERWELKOMING

Gerald open met gebed. Charles Pieterse verwelkom almal. Notule van vorige vergadering en Agenda van hierdie vergadering is aangestuur per epos. Charles vra of iemand dit nie ontvang het nie of beswaar het met vooraf besending. Geen beswaar is aangeteken en niemand het aangedui dat hulle nie die epos ontvang het nie.

## 2. PRESENSIE LYS , VERSKONINGS en KONSTITISIONERING

1. Charles nooi lede uit om die presensie lys te teken;
2. Verskonings:
   2.1 Danie Henning;
   2.2 Jaco van der Merwe;
   2.3 Rikus van der Merwe;
   2.4 Marie Mostert;
   2.5 Tappies Du Toit Senior;
   2.6 Tappies Du Toit Junior;
   2.7 Gerrit Venter;
   2.8 Michael Rademeyer;
   2.9 Alex Krugel;
   2.10 Ampie du Toit;
   2.11 Andre Breytenbach;
   2.12 Marco Void;
   2.13 Len en Minette Van der Walt;

## 3. LIEF EN LEED:

- Lia het 'n epos uitgestuur; Corna Momsen wat werksaam was by Pieter Hogemboezem by Vleiland is oorlede in 'n motor ongeluk, Ons gedagtes is met die familie in die hartseer tyd ;

- Tappies verskoning gemaak want hy het getrou en is op wittebrood.
- Geluk met Magiel en Tanya se huweliksherdenking
- Wulfie Schwertfeger se dogter Anika het titel as hoof meisie ontvang en Tobias se seun TG Fourie het titel as hoof seun ontvang, baie geluk met die prestasie
- Geluk aan Louise Dekker wie se dogter ook titel as onder hoof meisie ontvang het.

**4. BESPREKING VAN AGENDA EN TOEVOEGING VAN AANVULLENDE SAKELYS**

Sake wat by die agenda toegevoeg word:

By 16 Nuwe sake:

- 11 November 2017 – Jaarafsluiting
- Bespreking oor die Algemene jaar vergadering wat beplan was vir 14 Oktober 2017

**5. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE AANGESTUUR PER E-POS AAN DIE LEDE**

5.1 Charles het die Notule as eenparig beskou, en vra vir enige voorstelle en of iemand beswaar het– Niemand het beswaar. Notule word dus eenparig aanvaar.

**6. SAKE VOORTSPRUITEND**

6.1 Michiel Roos deel mee dat die datum van die Junior 1 kursus geskuif word na 14 Oktober weens daar nie genoeg kinders op die lys was nie. Daar is tans 15 kinders op die lys. Gaan probeer daarom op ’n plaas in die omgewing te hou. Daar sal ’n afsluit datum wees vir inskrywings wat Lia sal aanstuur per epos. Slegs as genoegsame kinders is en datum pas sal kursus gehou word.

6.2 Kostes verbonde aan die Junior 1 kursus sal per epos gestuur word asook die program wat aandui wat die kursus alles behels. Kinders leer vaardigheid en skiet met ’n .22. daar is praktiese en teoretiese opleiding. Kostes was verlede jaar R450 per kind.

**7. LEDEWERWING EN LEDE REGISTER**

**Geen**

**8. NUWE LEDE**

8.1 Shawn de Lange en Chris de Lange genomineer deur Pieter Conan en George Bothma. Geen beswaar is aangeteken nie. Charles verwelkom hulle.

**9. NUWE TOEGEWYDE JAGTERS**

9.1 Geen nuwe toegewyde jagters.

**10. NUUSBRIEF / SKAKELBEAMPTE**

10.1 Die eerste nuusbrief is saamgestel en behoort binnekort uit te kom.

10.2 Haar besonderhede is soos volg:

Epos: marie@lawproc.com

Sel: 074 114 8270

**11. KORRESPONDENSIE**

11.1 26 September 2017 EKO Wild - Vraelys oor volhoubaarheid in Wildbedryf

11.2 8 September 2017 Uitnodiging SA JSV Limpopo ope

**12. OPLEIDING**

12.1 Charles nooi lede uit om deel te neem aan die CHASA kursus wat op 28 Oktober 2017 plaasvind.

**13. SKIET EN SKIETBAAN – Jannie gee terugvoer**

13.1 9 September 2017 Vivo Skietdag – Was ook 'n Skut van die Jaar kompetisie skiet. Kinders het redelik goed geskiet. Wian du Toit het 916/1050 geskiet, Simoné het 960/1050 geskiet, Ampie en Frik het 825/1050 geskiet. Hy nooi almal uit om die 28ste weer te kom skiet. Daar was nie veel mense nie, maar dit was 'n lekker dag

13.2 Groepering Skiet- Gerald het 4de gekom met die .22 en Teyman het 'n CZ Bull Barrel gewen. Ampie het 2de gekom met oopvisier. Wian was 4de met senter slag handwapen. Jannie self was 3de met die handwapen. Wag nog vir die pryse om te kom. Gizelle Koen het beter geskiet as die Senior skuts. 228 mense het kom skiet. Charles het 9de gekom uit die vuis uit. Baie geluk aan almal.

13.3 16 September – Intertak skiet. Ons het geen terugvoer om te gee.

13.4 14 Oktober (Sportskiet)- SBPG Skietbaan.

13.5 28 Oktober (Skut van Jaar)- Nooi almal uit om te kom deelneem.

13.6 18 November (CHASA Sportskiet)- AFGESTEL (Tentatief) Ampie is bereid om spesiaal vir mense wat moeite doen om by vergaderings en geleenthede te wees wat nog moet skiet vir sy jaarlikse items, te laat skiet, maar net as daar genoeg belangstelling is. Charles vra lede moet hulle belangstelling aantoon.

**14. SOSIAAL**

14.1 Impala Aand skuif na 1 November 2017. Ons sal die nodige inligting deurgee. Daar sal 'n spreker ook moontlik wees.

**15. TROFEE MEET**

15.1 Trofee meet kompetisie afsluitings datum is 16 Oktober 2017. Offisiële meeting by Rondebosch van 8vm – 2nm volgende naweek.

**16. NUWE SAKE**

16.1 11 November 2017 – Jaarafsluitings funksie en prysuitdeling vind plaas binne in die tak weens die meerderheid mense dit nie in Pietersburg wil hou nie. Meer inligting rondom dit sal by die volgende vergadering bespreek word.

16.2 Algemene Jaarvergadering van ons take in breë saam met uitvoerend was beplan vir 14de Oktober 2017 in terme van die Grondwet, en is geskuif na Februarie 2018 weens die meerderheid nie kon bywoon nie. Charles maak beswaar teen datums wat geskuif word op kort kennisgewing. Dit veroorsaak dat lede nie kan bywoon nie as gevolg van ander verpligtinge. Hulle is gewys op die feit dat die skuif ongrondwetlik is. Nico se 3 takke het funksies gereël en kan nie bywoon nie. Wil dit later ook hou om voorstelle te maak oor lede gelde verhogings. Op die vorige vergadering was daar 30 lede uit 2000. Om 'n kworum te hê moet daar 30 lede wees. Charles het aan Nico voorgestel om 'n skrywe te stuur en te bepaal of daar genoeg lede sal bywoon op die oorspronklike datum. Dis die belangrikste vergadering van die vereniging. Lede stel voor dat die grondwet verander om die algemene jaarvergadering te skuif na die finansiële jaareinde. Charles sê dat dit nie genoeg tyd gee vir die ouditeurs nie genoeg tyd om die state te oudit en af te stuur SARS toe nie. Dis hoekom die vergadering vroeër gehou moet word. Kyk asb. uit vir die noodskrywe. Oplossings word ook gevra.

16.3 Geweer sakke: Die geweer sakke is plaaslik vervaardig en gaan die wins deel wees van die fondasie insameling. Daar is 100 bestel en sal binne 30dae beskikbaar wees. Ons probeer fondse insamel om weer terug te gee aan die lede. Besighede sal ook later kan borg op die sakke. Daar sal plek wees vir 4 of 5 besighede op te sit. Besighede kan ook 'n sekere hoeveelheid sakke borg. Kostes vir die sake is soos volg en is ook aan uitvoerend gestuur:

- Lede: R750-00
- Nie – Lede: R850-00
- Ander take: R600-00

16.4 Charles nooi die lede om te kom kyk na die winskopies wat Frikkie by sy winkel het.

**17. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING**

1 November 2017 – Impala Aand

**18. AFSLUITING**

Charles bedank almal wat die vergadering bygewoon het en sluit af met gebed.